

SAWA – STREEK VAALRVIER

Net so 'n bietjie agtergrond rondom die ontstaan van Streek Vaalrivier.

Aanvanklik was daar in die Vaaldriehoek net een streek, naamlik Noord Vrystaat[NOVS] en dit het uit die gebied Vereeniging/Meyerton/Vanderbijlpark bestaan.

Daar is hard gewerk om lede te werf, aangesien die behoefte ontstaan het vir 'n woonwagklub, maar mense was nie bewus van 'n organisasie soos SAWA nie.

Op 22 November 1980 vind daar toe 'n afstigting plaas en die 11^{de} streek in SAWA word gebore, naamlik Streek Vaalrivier onder die Voorsitterskap van oom Willie van Vuuren met 'n ledetal van 130. Binne die 1^{ste} jaar na afstigting spog die streek toe met 'n ledetal van meer as 200 lede.

Harde werk het gevolg om die streek tot 'n volwaardige streek te ontplooi. Die daarstelling van die streek se Embleem, hoe die bywonings-, aansporingsplaatjies, en so meer moet lyk, 'n Nuusbrief en hoe al hierdie funksies in plek moet val.

Streek Vaalrivier het dan ook op 7 November 1987 sy nuwe vlag tydens in Kersboomnaweek te Kareekloof die lig laat sien met die Wabrug wat die verbinding tussen Transvaal en Vrystaat is en dat Streek Vaalrivier juis van NOVS afgestig het.



Soos die jare aangestap het, het die Voorsitters van die Streek gekom en gegaan. Almal hardwerkend en elkeen het sy eie stempel op die streek en sy lede geplaas. Nuwe en vindingryke idees het gemaak dat dit vandag nog dié beste en grootste Streek is.

Erkenning word aan al hierdie Voorsitters gegee en ook die dank aan hulle deur die lede van die Streek, want deur hulle leiding staan die Streek sterk op alle gebiede.

| | | | |
|-----------------------------|---|-----------------------|----------------|
| 1 ^{ste} Voorsitter | - | Oom Willie van Vuuren | [1980 - 1983] |
| 2 ^{de} Voorsitter | - | Frans van der Linde | [1983 - 1989] |
| 3 ^{de} Voorsitter | - | Willie Schoultz | [1989 - 1992] |
| 4 ^{de} Voorsitter | - | Pieter Henning | [1992 - 1993] |
| 5 ^{de} Voorsitter | - | John Coetzee | [1993 - 1995] |
| 6 ^{de} Voorsitter | - | Willie Schoultz | [1995 - 1997] |
| 7 ^{de} Voorsitter | - | Braam Keyser | [1997 - 2000] |
| 8 ^{ste} Voorsitter | - | Danie van Niekerk | [2000 - 2001] |
| 9 ^{de} Voorsitter | - | Jannie Meyer | [2001 - 2003] |
| 10 ^d Voorsitter | - | Wally Smith | [2003 - 2007] |

Saamtrekke vind ten minste een keer per maand plaas. Om hierdie saamtrekke interessant te maak vir lede, word daar gepoog om 'n tema aan elke saamtrek te koppel. Soos byvoorbeeld, Potjiekoskompetisie, Jeugnaweek, Visvangnaweek, Kersnaweek, ensovoorts. Elke jaar vind 'n Algemene Jaarvergadering plaas waar nuwe Bestuurslede vir die Streek gekies word en 'n verslag word voorgelê oor die vordering van die Streek na afloop van die jaar. Daar word ook toekennings gemaak aan lede wat 'n besondere diens aan die Streek gelewer het. Dan word die lede behoorlik bederf deur vir hulle 'n ontbyt of ete te reël, wat deur die Bestuur aangebied word om dankie te sê vir hulle bydrae gedurende die afgelope jaar. Gereelde fondsinamelings word ook gehou en hierdie insamelings word ook gekoppel aan verskeie interessante aanbiedings.

Hier volg 'n paar foto's wat verskeie saamtrekke weerspieël.



Bestuur 2004/2005



Toekenning Vaalrivier Lid van die Jaar 2005



Visvangnaweek te Weltevrede



Potjiekoskompetisie te Louw's



Kersboomnaweek te
Malonjeni



Jeugnaweek te Klub Louico



Fondsinsameling – Botteveiling
te Koppisol



AJV-ete – gesellig verkeer te
Koppisol



Ontbyt in die natuur



Gesellig om die kampvuur



Netjies geparkeer, reg om te kamp te Weltevrede



Musiekaweek te Koppisol - Kunstenaars